

## Die Kalkoond en sy geskiedenis

Voorgelê deur Republikein op Vr, 2010-11-12 02:00



Kalkwerke in 1906.



Die kalkoond by die Holoogstasie.



Die kalkoond by Okambongora.



'n Kalkoond by Epako.



ONDERWEG na die Visrivier-spoelvallei, al met die C12, kan ?n mens dit nie mis nie ? ?n ou kalkoond naby die Holoog-treinstasie. Die oond is een van sowat tien wat in die land behoue gebly het. Dit is aan

die begin van die 20ste eeu gebou en gewoonlik naby 'n spoorlyn in 'n gebied met 'n ryk voorkoms van kalk. Kalk word reeds vir meer as 14 000 jaar as boumateriaal gebruik. Deur kalksteen in 'n kalkoond te verhit, is brandkalk gemaak wat verder tot 'n sement vir messelaars verwerk is. Dit was die Romeine wat die 'kalktegnologie' sowat 2 000 jaar gelede verfyn het, waarna dit ook in plekke waar mense Duits magtig was, gebruik was. Teen die einde van die 19de eeu het die kalktegnologie ook in die destydse Suidwes-Afrika beland. Kalk is in sy verskillende vorme byna oral te vinde en maak sowat sewe persent van die aardkors uit. Dit word aangetref in kalksteen, kryt, marmer, kalkspaat of aragoniet. Ook in Namibië is die woord kalk gebruik om plekke 'n naam te gee – soos Kalkrand en Kalkfontein. Een van die 'nuwer' kalkoonde staan vandag nog op die plaas Okambongora naby Grootfontein. Die 73-jarige mnr. Horst Baerens onthou nog goed toe sy pa die Baerens Kalkwerke daar gehad het en met dié bedryf 'n ekstra inkomste verdien het. Hy is sekerlik een van die min eerstepandse kenners wat kan vertel hoe kalkoonde in desjare gebruik is. Die kalkoond op Okambongora is in 1948 gebou. Mnr. Baerens verduidelik dat 'n laag stene, dan 'n laag hout en 'n verdere laag stene in die boonste gedeelte van die oond opmekaar gepak is en aan die brand gesteek is. In die boonste punt van die oond was die hitte die hoogste. Die gebrande kalk het na onder deurgeval en daar afgekoel. Van hier is dit met 'n skopgraaf uitgehaal. Gewoonlik is die kalkoond op Okambongora drie keer 'n jaar vir twee maande gebruik. Baerens Kalkwerke het drie arbeiders aangestel om in die steengroewe te werk en nog drie om hout met ossewaens aan te ry. By die oond self was daar vyf werkers wat die stene en hout in die oond gestapel het en die vuur aan die gang gehou het. In dié twee maande is sowat 100 ton brandkalk geproduseer en aan kopers in die boubedryf op Grootfontein, Swakopmund en Walvisbaai verkoop. Die gebrande kalk is gewoonlik op die bouverseel met water en sand tot messelcement en pleister gemeng, wat in daardie jare 'monoko' genoem is. Dit is 'n Otjherero-woord wat modder beteken. Sement wat met brandkalk gemaak is, het goeie beskerming teen termiete gebied. Met die gebruik van dié sement in Duits-Suidwes-Afrika teen die begin van die 20ste eeu, is vanaf 1908 ook tweeverdiepinggeboue opgerig, iets wat voorheen nie moontlik was nie. Mnr. Baerens onthou dat Baerens Kalkwerke in die vyftigerjare net een mededinger gehad het wat in die omgewing van Usakos brandkalk geproduseer het. Die besigheid op Okambongora is in 1960 ná twaalf jaar gestaak as gevolg van die verwering van die oond weens die enorme hitte. Boonop het die omgewing daaronder gely as gevolg van al die hout wat gebruik is en die tallose muparara-bome wat afgekap is. Vandag huisves die kalkoond op die plaas Okambongora 'n familie van swart mambas, vlermuise en perdebye, maar met die allermooiste versiering, 'n kleurvolle bougainvillea. Wêreldwyd word die tegnieke vir die verwerking van kalksteen steeds verder ontwikkel en kalksteen sorg tot vandag vir stabiliteit, is te sien in wit kalkverf vir mure, kalksandsteen, plaveisel en dit vorm steeds deel in die maak van beton. Beste lesers, as iemand dalk weet waar in Namibië nog van hierdie kalkoonde staan, sal ek waardeer om daarvan te hoor by Gondwana Collection, Manfred Goldbeck, sel. 081 127 9442 of per e-pos aan [md@gondwana-collection.com](mailto:md@gondwana-collection.com)?

**Source URL:** <http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/toerisme-en-omgewingsake/die-kalkoond-en-sy-geskiedenis.117038.php>